



GIGZ
Jeugaksie
II Kor. 5 : 21



**<u>Agtergrond</u>**:

Jeugaksie van die Volle Evangelie Kerk van God in S.A.Geleë te Christiana

**<u>Ons Naam</u>**:

**GiGZ** is 'n akroniem wat die volgende beteken:

**God in Gen Z's** (Kan in beide Afrikaans en Engels gelees word!)

Die jongmense het self die naam uitgedink na aanleiding van 'n Bybelvers, wat vir ons baie betekenis het : II Kor. 5:21

*" 21Want HY (God) het HOM (Jesus) wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van GOD in HOM"*

**<u>Die rede hoekom daar 'n Jeugaksie in elke kerk moet wees is:</u>**

*Die Woord van God* **<u>het nog nooit verander het nie</u>**, en dis mos die hoofrede hoekom jy 'n jeugbediening het! As ons nie besef dat die Hoofrede vir ons bediening is :

**OM DIE JONGMENS EN GOD BY MEKAAR UIT TE BRING EN HUL SOVER TE KRY OM DIE HERE HART EN SIEL TE DIEN EN HUL LEWE VOLKOME AAN GOD WY!**



nie, kan ons maar die saak gewonne gee, want jy kan Jeug bediening net met sukses bedryf en jongmense nader na GOD trek,

***AS HULLE GOD SE WOORD KEN!***

- HOEKOM IS DAAR NOG HOEGENAAMD 'N JEUGAKSIE IN DIE KERK NODIG ?

- IS DIT NOG RELEVANT VANDAG?



## Ja! 'n beslisde Ja!

⇒ Psl. 119:6-16

⇒ Jeugbediening is **een** van die mees belangrikste bedieninge in ons kerk!

⇒ Dis juis vandag in ons deurmekaar en onderstebo wêreld dat ons Jongmense 'n plekkie moet hê waarheen hulle kan kom **om rigting en leiding te kry!**

⇒ Standaarde van ouers het dikwels (nie in almal se huise)verswak en versleg en dis nodig dat hulle 'n plek sal hê om alles weer in perspektief vir hulle te plaas

⇒ 'n Jeugaksie **(GEESTELIKE)** is dus van uiterste belang in 'n gemeente - tog net nie 'n "Social club " nie!

Daar's genoeg "social clubs" in die wêreld en ons het nie nodig om nog een in ons kerke in te bring nie! ! (*Ons skiet tog hopeloos ver te kort wat die wêreld vir hul kan bied*)

**Daar is vyf komponente wat nodig is vir JEUGEDIENING :**

⇒ GOD se Woord (Die Bybel!) Wat is die hooftema van die Bybel?

**God se liefde vir die mens!**

⇒ 'n Visie (Geen organisasie, besigheid of selfs huishouding kan sonder 'n visie bestaan nie en in 'n Jeugaksie is dit ook net so nodig! Hulle soek uitdagings)

⇒ Liefde vir jongmense (Sonder opregte, onvoorwaardelike liefde vir eerstens jouself, jou medemens en veral vir jongmense en al hul geite! Groen hare, neusringe en tatoes!)

⇒ Goeie leierskap (Goeie leierskap is van kardianale belang. Jongmense kan bo-oor 'n onbekwame persoon loop! Opleiding in Jeugbediening is ook vreeslik belangrik!)

⇒ Hope genade (Een van die komponente is genade en die het jy hope van nodig om staande te bly in Jeugbediening!! Want dis net God se genade wat jou kan help om hierdie tiener geite te kanaliseer in die regte rigting en hul kop te draai **van** hulself af! Want op die tiener stadium is daar net drie persone wat vir 'n tiener belangrik is en bestaan: **Me, myself and I** !!)

## HOE LYK 'N GOEIE LEIER:

**Dr. L. Mott** : A Leader is a person who knows the road , who can keep ahead, and who can pull others after him/her.

**Pres. Truman**: A Leader is a person who has the ability to get others to do what they don't want to do, and like it!

**D. Hoste:** "Die beste toets om te bepaal of iemand 'n leier is, is om vas te stel of enige iemand hom/haar volg!

**Kom ons kyk nou hoe 'n visie moet lyk:**

## Ons visie:

*"Om jongmense aan God en aan mekaar te bind met koorde van liefde tot 'n eenheid in JESUS CHRISTUS! En hulle toe te rus tot dienswerk!"*

(Ons het gesien dat die Pastoor se visie vir ons kerk is Ef. 4 en dit pas by dit aan! Want….)

- ❑ **Die visie moet lynreg loop met die Pastoor se visie vir die gemeente** ( Die Jeug is net 'n rat om die **groot horlosie te laat loop en is nie die horlosie nie.)** Dis 'n belangrike saak om in **hormonie te wees met die kerkraad se visie.**

**ONS DOELSTELLINGS OM DIE VISIE TE LAAT WERK , MOET SOOS VOLG LYK :**

⇒ **Moet meetbaar wees -** (Want hoe gaan jy anders weet of dit geslaagd is.)

⇒ **Moet realisties wees -** Moenie goed inskryf net omdat dit mooi lyk nie, dit moet iets wees binne hul bereik anders word hulle gou moedeloos.

⇒ **Moet uitdagend wees -**Jongmense is mal oor kompetisies of uitdagings,maak ook die visie 'n uitdaging!

⇒ **Moet duidelik geformuleer word -** Stel die visie eenvoudig op, verstaanbaar vir almal.

⇒ **Moet geadverteer word. -** Stel 'n komitee aanom ook hierdie visie aan die gemeente voor te stel


⇒ **Daar moet 'n tydfaktor aan gekoppel word.** - Koppel aan elke doelstelling 'n tyd en doen dan reveu.


**Doelstellings.**




- **Liefde vir God en veral vir die Bybel** — BB Geestelike verdieping!
- Jongmense se bedieninge op te spoor.
- Ons eie klankstel & ons eie "band"
- Eenheid in jeug te bewerkstellig. (Dis ons grootste taak - te veel onderstrominge)
- Bidsessies sodat daar gebid kan word vir jongmense se behoeftes. (Leer om te bid)
- Groei in getalle.
- Nog bekwame mense wat ons kan help om saak te dryf.
- Opleiding vir Jeugraad
- Beplanning van Jeugaksies en Kampe (2x per jaar)






Wat doen jy met die visie
VISIE
Nooi hulle
Versorg hulle
Jou visie!
Kies 'n spesifieke groep
PLAN VAN AKSIE
Hoe?
Wat wil jy bereik?
Wie wil jy bereik?
Wanneer?
Watter behoefte?
Koppel 'n tyd, bv. 6 maande
Identifiseer behoeftes en bring 'n nasorg plan in aksie
IDENTIFISEER/ MOTIVEER
Identifiseer die regte persone
* Hoe?
BETROKKENHEID
Kry betrokkenheid
Gee elke nuweling 'n taak om te doen
SUKSES !!


* HOE?
Die een stap volg die ander op
Bv.
Ruan—hy is vriendelik en hy is 'n baie getroue bywoner van Jeugaksie
getrouheid
Identifiseer persone wie die jeugaksie baie getrou bywoon
Laat hom mense by die deur ontvang
VERANTWOORDELIKHEID
Gee so'n persoon verantwoordelikheid
Lei
Hom op, vertel hom hoe om dit te doen
Blootstelling
Gee nou: opleiding, motifering en visie
Hou hom dop en ontdek dan waarin lê sy bediening en plaas hom daarin.
Selfvertroue en bedienings ontwikkeling
Nou kan die persoon se bediening uitgeken word
SUKSES !!